4. Byvoeglike naamwoorde

1.1 oorwoë
1.2 gewaarmerkte
1.3 blakende
1.4 lendelam
1.5 opgeskorte
1.6 onwrikbare
1.7 klinkklare
1.8 nypende
1.9 lamlendige
1.10 onkreukbare

2.1 meer toegewyde
2.2 benydenswaardige
2.3 genadeloosste
2.4 ondraaglik
2.5 mees gevierde

3.1 Al die duur toerusting wat hy vir sy fotografie gebruik, is gesteel.
Ek het 'n dure les geleer toe ek nie na goeie raad geluister het nie.
3.2 Die stout kinders het oor die muur geklim en die honde geterg.
Ek gaan die stoute skoene aantrek en dit waag om te sê wat ek regtig dink.
3.3 Die kleuter het 'n los tand wat binnekort gaan wissel.
Mans van losse sedes kan nie verwag om deur eerbare dames gerespekteer te word nie.
3.4 Hulle het 'n nou tonnel onder die grond gegrawe om te ontsnap.
Hulle het 'n noue ontkoming gehad toe hulle motor deur die stroom meegesleur is.
3.5 Hierdie stuk taai vleis kan geen mens gekou kry nie.
Dit is deur taaie volharding dat hy sy graad behaal het.
3.6 Sit die swaar klip voor die deur dat dit nie oopgemaak kan word nie.
Die vrou is reeds deur soveel swaar beproewinge en nou het sy nog haar man ook verloor.
3.7 Die kind het so 'n teer vel dat sy glad nie in die son kan kom nie.
Die ou oom koester tere herinneringe aan die dae toe sy vrou nog geleef het.

5. Telwoorde

1.1 etlike – onbepaalde hooftelwoord
talle – onbepaalde hooftelwoord
1.2 derde – bepaalde rangtelwoord
Let Wel: "eerste" bepaal die gesegde en is dus 'n bywoord
1.3 middelste – onbepaalde rangtelwoord
paar – onbepaalde hooftelwoord
1.4 duisend – bepaalde hooftelwoord (of onbepaalde hooftelwoord, afhangende van hoe 'n mens dit wil interpreteer saam met "omtrent")
1.5 paar – onbepaalde hooftelwoord
enkele – onbepaalde hooftelwoord
tientalle – onbepaalde hooftelwoord
1.6 min – onbepaalde hooftelwoord
honderde – onbepaalde hooftelwoord
1.7 heelwat – onbepaalde hooftelwoord
verskeie – onbepaalde hooftelwoord
Let wel: "massas" is 'n maatnaam
1.8 miljoene – onbepaalde hooftelwoord
twee – bepaalde hooftelwoord
1.9 halwe – bepaalde hooftelwoord
1.10 menige – onbepaalde hooftelwoord
twee – bepaalde hooftelwoord
talle – onbepaalde hooftelwoord
verskeie – onbepaalde hooftelwoord